

BIBLIOGRAFIE

- Adams, J E 1972. *Competent to Counsel*. New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- Adams, J E 1978. *Shepherding God's Flock*. New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- Andersen, T 1990. *The reflecting team: Dialogues and dialogues about the dialogue*. Kent: Borgmann.
- Babbie, E R & Mouton, J 2001. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.
- Barrett, C K 1968. *A Commentary on The First Epistle to the Corinthian*. London: Adams & Charles Black.
- Bons-Storm, R 1989. *Hoe gaat met jou? Pastoraat als komen tot verstaan*. Kampen: Kok.
- Bornkamm, G 1971. *Paul*. London: Hodder and Stoughton.
- Brown, C 1975. *New Testament Theology*. Devon: Paternoster Press.
- Browning, D S 1996. *A Fundamental Practical Theology: Descriptive and Strategic Proposals*. Minneapolis: Fortress Press Books.
- Brueggemann, W 1993. *Texts under Negotion. The Bible and Postmodern Imagination*. Minneapolis: Fortress Press Books.
- Campbell, A C 1981. *Rediscovering Pastoral Care*. London: Darton, Longman & Todd.
- Capps, D 1990. s v Dictionary of pastoral care and counseling.

- Capps, D 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis:Fortress.
- Carlson, T D & Erickson, M J 2002. *Spirituality and Family Therapy*. New York: The Haworth Press.
- Cranfield, C E 1979. *The Epistle to the Romans*. Edinburgh: Clark Limited.
- Deist, F 1984. *A Concise Dictionary of Theological Terms*.
- Dezin, N K & Lincoln, Y S 2000. *Handbook of Qualitative Research*. California: Sage Publications.
- De Vos, A S (ed) 1998. *Research at Grass Roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- De Vos, A S (ed) 2002. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Pretoria:Van Schaik Publishers.
- Du Plessis, I 1990. *Die brief aan die Kolossense*. Kaapstad: N G Kerk Uitgewers.
- Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative Therapy: The social construction of preferred realities*. New York: W W Norton & Company.
- Firet, J 1974. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kapen: J H Kok.
- Gergen, K J 1994. *Realities and Relationships. Sounding in Social Construction*. London: Harvard University Press.
- Gergen, K J 1999. *An Invitation to Social Construction*. London: Sage Publication.
- Gergen, K J 2002. Social Construction and Theology: The dance Begins, in Hermans, C A M (ed), *Social Constructionism and Theology*, 3-22. Leiden: Koninklijke Brill.

- Gerkin, C 1991. *Prophetic Pastoral Practice: A Christian Vision of Live Together*. Nashville: Abingdon Press.
- Gerkin, C 1997. *An Introduction to Pastrol Care*. Nashville: Abingdon Press.
- Hermans, C A M (ed) 2002. *Social Constructionism and Theology*. Leiden: Koninklijke Brill.
- Heitink, G 1998. *Pastorale Zorg: Theologie-differentiatie-praktijk*. Kapen: Uitgeverij Kok.
- Heitink, G 1999. *Practical Theology: history, theory, action domains*. Michigan: Grand Rapids.
- Heyns, J A 1974. *Brug tussen God en mens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Jonker, W D 1976. *Die Brief aan die Romeine*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- Kvale, S 1996. *Interviews: An Introduction to Qualitative Research Interviewing*. C A:Sage:Thousand Oaks.
- Ladd, G E 1974. *A Theology of the New Testament*. Michigan: Eerdmans Publishing Company.
- Lategan, B C 1986. *Die Brief aan die Galasiërs*. Kaapstad: N G Kerk Uitgewers.
- Lester, A D 1995. *Hope in Pastoral Care and Counseling*. Westminster: Louisville.
- Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Die RGN-Uitgewery.
- Miles, M B & Huberman, A M 1984. *Qualitative Data Analysis. A Sourcebook of New Methods*. London: Sage Publications.

- Müller, J 1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Müller, J 2000. *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gespreksvoering*. Wellington: Lux Verbi BM.
- Murphy-O’Conner, J 1982. *Becoming Human Together: The Pastoral Anthropology of St. Paul*. Minnesota: The Liturgical Press.
- Neuman, W & Kreuger 2003. *Social Work Research Methods: Qualitative and Quantitative approaches*. Boston: Allyn and Bacon.
- Oates, W E 1971. *The Bible in Pastoral Care*. Michigan: Baker Book House.
- Patton, J 1993. *Pastrol care in context an introduction to pastrol care*. Kentucky: Westminster/John Knox Press.
- Pattison, S 1988. *A Critique of Pastoral Care*. London: SCM Press.
- Ridderbos, H 1959. *Romeine*. Kapen: N V Uitgeversmaatschappij.
- Ridderbos, H 1975. *Paul: An outline of his Theology*. Michigan: Eerdmans Publishing Company.
- Rubin, J & Rubin, S 1995. *Qualitative Inteviewing: The Art of Hearing Data*. London: SAGE.
- Stone, H W 1988. *The Word of God and Pastoral Care*. Nashville: Abingdon Press.
- Van Huyssteen, J W 1997. *Essays in Postfoundational Theology*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Veltkamp, H J 1988. *Pastoraat als Gelijkenis: de gelijkenis als model voor pastoraat handelen*. Kok: Kampen.

- White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.
- Willig, C 2001. *Introducing Qualitative Research in Psychology*. Philadelphia: Open University Press.
- Wimberley, E P 1994. *Using Scripture in Pastoral Counselling*. Nashville: Abingdon Press.
- Wallage, J M 2002. Losing the Self, Finding The self: Postmodern Theology and Social Construction, in Hermans C A M (ed), *Social Constructionism and Theology*, 93-112. Leiden: Koninklijke Brill.

ARTIKELS:

- Baart, A 2003. The fragile power of listening. *Practical Theology in South Africa* 18/3, 139-156.
- Bidwell, D R 2001. Maturing Religious Experience and the Postmodern Self. *Pastoral Psychology* 49/4, 277-289.
- Dreyer, Y 1991. Skrifgebruik in die pastorale sorg: 'n Terreinverkenning. *Praktiese Teologie in S.A.* 6/2, 146-160.
- Dreyer, Y 2003. Luister na die storie van die kerk: Riglyne vanuit 'n narratief-hermeneutiese perspektief. *HTS* 59/2, 333-352.
- Dreyer, Y 2003. 'n Teoretiese inleiding tot narratiewe hermeneutiek in die teologie. *HTS* 59/2, 313-332.
- Karl, J C 2002. Caring for the Stories that Come to Us: Work Narratives and Their Sacred Promise. *The Journal of Pastoral Care & Counseling* 56/1, 30-49

- Ganzevoort, R R 2000. De pastor(ant) als theolog. [www.ruardganzevoort.nl/a00psth.htm](http://www.ruardganzevoort.nl/a00psth.htm), 2005-03-09
- Ganzevoort, R R 2002. WYSIWYG. Social construction in practical theological epistemology. [www.ruardganzevoort.nl/a02wysiwh.htm](http://www.ruardganzevoort.nl/a02wysiwh.htm), 2005-03-09.
- Ganzevoort, R R 2002. Social Construction in Practical Theological Epistemology. [www.ruardganzevoort.nl/a02commo.htm](http://www.ruardganzevoort.nl/a02commo.htm), 2005-03-09.
- Ganzevoort, R R 2003. The Social Construction of Revelation. [www.ruardganzevoort.nl/a03const.htm](http://www.ruardganzevoort.nl/a03const.htm), 2005-03-09.
- Ganzevoort, R R 2004. Verantwoord pastoraat. [www.ruardganzevoort.nl/a04veran.htm](http://www.ruardganzevoort.nl/a04veran.htm), 2005-03-09.
- Kruger, M A 1991. New Testament Anthropology. *Journal of Theology for Southern Africa*. 76, 95-96.
- Lategan, B C 1991. New Testament anthropology perspective in a time of Reconstruction. *Journal of Theology for Southern Africa*. 76, 86-94.
- Marshall, G 1987. Some Implications of Pauline Anthropology for Contemporary Pastoral Care. *Vox Evangelica*. 17, 23-33.
- Smythe, W E & Maureen, J 2000. Owing the story: Ethical considerations in narrative research. *Ethics & Behaviour*. 10/4, 127-157
- Müller, J 2001. Therapy as fiction writing. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*. 42/1&2, 64-70.
- Müller, J & Schoeman, K [2004]. Narrative research: A respectful and fragile intervention. Forthcoming.
- Nauta, R 2002. Not Practicing Theology. *Pastoral Psychology*. 50/3, 197-205.

Pieterse, H J C 1991. Die Wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in S.A.* 6/1, 38-51.

Patton, J 1994. Pastoral postmodernism: A challenge to reclaim our texts. *Pastoral Psychology.* 43/1, 29-42.

Scroggs, R 1982. The Personology of Grace: A Study of Pauline Anthropology. *Word and World: Theology for Christian Ministry.* 2/3, 217-224.

## **Bylae A**

### **INLIGTINGSBROSJURE**

#### Die narratiewe beradingsmodel

Dankie vir jou bereidwilligheid en aanduiding om deel te wees van die navorsingsprojek aangaande die narratiewe beradingsmodel. Die terminologie en die doel van die navorsingsprojek sal met jou bespreek word by die eerste ontmoetingsgeleentheid. Lees asseblief die inligtingstuk deeglik deur voor jy finaal besluit om deel te neem aan die projek. As jy besluit om deel te neem, by voorbaat dankie. Indien jy besluit om nie deel te neem nie, is dit jou reg en sal dit nie teen jou gehou word nie.

#### Die doel van die navorsingsprojek

Ek is tans in die proses om my Ph.D.-graad in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria te voltooi. Die doel van die navorsing is om:

- i) die proses (verloop) van die narratiewe beradingsmetode in die praktyk van naderby te ondersoek, en
- ii) 'n teologiese evaluering te doen van die narratiewe beradingsmodel soos gebruik deur pastors in die bediening.

#### Medenavorsers benodig vir die studie

Vir die navorsing word twee pastors benodig in die navorsing wat van die standpunt uitgaan dat hulle in hulle beradingsmetodes van die narratiewe model gebruik maak.



'n Beradingsgeleentheid met 'n kliënt sal van begin tot einde op band geneem word om ondersoek te word. In hierdie navorsing gaan dit in die besonder oor die beradingsproses en die verloop daarvan.

#### Wat word verwag van die medenavorsers?

Indien jy besluit om aan die navorsing deel te neem, sal van jou verwag word om toestemming te verleen dat die inligting verkry gedurende die individuele en groeps gesprekke, in die navorsingsprojek gebruik kan word. Alle inligting sal vertroulik hanteer word en die persone betrokke sal nie persoonlik by naam of van geïdentifiseer word nie. As jy besluit om deel te wees van die projek, sal verder van jou verwag word om by een geleentheid met die navorser in 'n individuele gesprek te tree en daarna in 'n groeps gesprek saam met al die ander medenavorsers.

In die gesprekke sal terugvoering gegee word en jy sal die geleentheid gegun word om jou insette, korreksies en eie ervarings te deel met die navorsers en medenavorsers. Die resultate van die navorsingsprojek sal ook aan die medenavorsers bekend gemaak word.

#### Vrywillige deelname

Dit staan jou vry om op enige tydstip aan die navorsingsprojek te onttrek, sonder dat dit enige konsekwensies vir jou sal inhou.

#### Vertroulikheid

Die inligting bekom gedurende die individuele en groeps gesprekke sal bespreek word met die studieleier, en sal in die navorsing gebruik word. Met jou vooraf toestemming sal die individuele en ook groeps gesprekke op band geneem word. Daar sal ook notas gedurende die sessies gemaak word. Die inligting versamel tydens die navorsingsprojek sal veilig in 'n kabinet toegesluit word en die inligting sal na afloop van die projek vernietig word.

#### Resultate van die navorsingsprojek

Die resultate van die projek mag dalk gepubliseer word. Deurentyd sal die identiteit van die medenavorsers konfidensieel bly. Jy sal die keuse hê om jou eie naam te gebruik of van 'n skuilnaam gebruik te maak. Jy mag 'n afskrif van die resultate van die navorsingsprojek aanvra.

#### Vrae van die medenavorsers

Indien jy enige vrae of twyfel het ten opsigte van die navorsingsprojek, nou of selfs later, staan dit jou vry om my enige tyd te kontak.

Groete.

Deon Senekal

Tel.no.: 016-9332982

## Die narratiewe beradingsmodel

### Vrywaringsvorm

Ek bevestig hiermee dat ek die inligtingsbrosjyre aangaande die navorsingsprojek en die doel daarvan deurgelees het en dit verstaan. Al my vrae is bevredigend beantwoord. Ek weet dit staan my vry om op enige tydstip verdere inligting te versoek, indien nodig.

Ek weet:

1. My deelname aan die navorsingsprojek is totaal en al vrywillig.
2. Dit staan my vry om op enige tydstip aan die navorsingsprojek te onttrek.
3. Ek is bewus van wat moontlik kan gebeur met my persoonlike inligting (inbegrepe die bandopnames) aan die einde van die projek. Ek verstaan dat die data aan die einde van die navorsingsprojek vernietig sal word, maar dat enige oorspronklike data waarop die navorsing staan vir drie jaar bewaar sal word en dan vernietig sal word.
4. Ek sal geen vergoeding vir deelname aan die navorsingsprojek ontvang nie.
5. 'n Afskrif van die finale navorsingsprojek sal deur die Universiteit van Pretoria bewaar word.
6. Alle persoonlike inligting wat deur die navorser gehanteer word, sowel as my identiteit sal vertroulik bly.
7. Ek is daarvan bewus dat die studieleier van die navorsingsprojek van die materiaal kan lees.

8. Hiermee vrywaar ek die navorser en/of medenavorsers, hetsy in hulle amptelike en/of persoonlike hoedanigheid, asook die Universiteit van Pretoria teen enige eis ingestel, hetsy deur myself of enige derde party en van welke aard ook al.

Ek is gewillig om aan die navorsingsprojek deel te neem, onderhewig aan die bogenoemde voorwaardes.

.....

(Handtekening van deelnemer)

(Datum)

.....

(Handtekening van navorser)

## **Bylae B**

### **Die narratiewe beradingsmodel**

Vrywaringsvorm

Ek bevestig hiermee dat ek verstaan wat in die navorsingsprojek van my verwag gaan word, asook wat die doel van die navorsingsprojek is. Al my vrae is bevredigend beantwoord. Ek weet dit staan my vry om op enige tydstip verdere inligting te versoek, indien nodig.

Ek weet:

1. My deelname aan die navorsingsprojek is totaal en al vrywillig.
2. Dit staan my vry om op enige tydstip aan die navorsingsprojek te onttrek.
3. Ek is bewus van wat moontlik kan gebeur met my persoonlike inligting (inbegrepe die bandopnames) aan die einde van die projek. Ek verstaan dat die data aan die einde van die navorsingsprojek vernietig sal word, maar dat enige oorspronklike data waarop die navorsing staan vir drie jaar bewaar sal word en dan vernietig sal word.
4. Ek sal geen vergoeding vir deelname aan die navorsingsprojek ontvang nie.
5. 'n Afskrif van die finale navorsingsprojek sal deur die Universiteit van Pretoria bewaar word.
6. Alle persoonlike inligting wat deur die navorser gehanteer word, sowel as my identiteit sal vertroulik bly.
7. Ek is daarvan bewus dat die studieleier van die navorsingsprojek van die materiaal kan lees.

8. Hiermee vrywaar ek die navorser en/of medenavorsers, hetsy in hulle amptelike en/of persoonlike hoedanigheid, asook die Universiteit van Pretoria teen enige eis ingestel, hetsy deur myself of enige derde party en van welke aard ook al.

Ek is gewillig om aan die navorsingsprojek deel te neem, onderhewig aan die bogenoemde voorwaardes.

.....

(Handtekening van deelnemer)

(Datum)

.....

(Handtekening van navorser)

**Bylae C**

**Gesprek twee met Pieter: 29 Julie 2004 14:00**

D: Pieter baie dankie, ons tweede gesprek. Die doel van die gesprek is, ek het ons vorige gesprek gaan verbatim neerskryf, deurgelees, geluister daarna op die bandjie en ek het so bietjie die gesprek, kom ons sê ontleed, gekyk wat hoor ek in die gesprek. En ek wil graag by jou hoor hoe voel jy oor wat ek gedoen het. Laat ek reg geskied aan dit wat jy gesê het, dit wat ek vir jou met e-pos gestuur het, rym dit met wat jy gedink het, of is daar 'n ander betekenis daaraan (gegee)?

P: Deon, ek wil begin om eers dankie te sê, dit is 'n goeie stuk werk, groot stuk werk. Dit rym woord vir woord met wat ek gesê het omdat dit so verbatim afgeskryf is. So ek dink dit is die essensie van die bedoeling. Dit is in 'n sin vir my uhm... vreemd om dit so op papier te sien. Maar dit is wat ek gesê het, ek... ek glo ek staan daarby. Dit is wat ek bedoel het.

D: Nou kom ons kyk, as ek miskien kan vra oor die... die eerste groepering van woorde of dinge waarna ek in jou gesprek gekyk het en ek probeer verstaan het, maar hoe sien jy die Woord, Skrif, Bybel. As jy nou na daai punte gaan kyk, dink jy ek laat reg geskied aan wat jy daarmee bedoel en is dit soos jy dit sien, die gebruik van die Skrif in jou benadering?

- P: Wat my... my opval is hoe baie keer ek uhm... sewentien keer in een gesprek dan nou na Skrif, Woord, of na die Bybel toe verwys. Dit is 'n hoë frekwensie en ek dink tog dit laat reg geskied aan die hele beginsel wat ter sprake is. Ek is onseker of daar... of daar teenstrydighede in voorkom. Het jy... het jy teenstrydighede opgetel of is ek redelik konstant daarmee.
- D: Nee, dit... laat ek vir jou sê ek het nie teenstrydighede... jy het baie konsekwent gewees rondom uhm... die Woord gebruik in jou pastoraat. Wat nogal vir my interessant is en ek sou graag wou hê jy moet daarop respons. Ja, die Woord is vir my belangrik, maar dit is nie 'n geforseerde ding nie. Dit is... dit is nie 'n ding wat ek doelbewus inbring nie, maar in dieselfde trant dit maak vir my saak dit is rigtinggewend, dit is rigtingbepalend.
- P: Ja, daarmee kan ek absoluut saamstem een honderd persent saamstem. Die... ek bring nie uit die staanspoor die Bybel se boodskap in die terapie in nie. Ek bring dit nie van buite in die gesprek in nie. Maar uit die gesprek, uit 'n Christelike lewenstyl en uit die konteks van my as dominee en 90% plus van die tyd, 'n gelowige persoon wat my kom sien, laat die dinamiese krag van die Bybel, sprankelend teenwoordig (wees), die hele tyd is dit onderliggend teenwoordig. Dit is nie lank nie dan... dan kom hy ter sprake.
- D: Nee, ek... ek kan dink dat dit iewers geskryf is, dit was tog vir my interessant dat jy gesê het, maar daar is raakvlakke en jy hoef dit nie te gaan skep nie. Jy ook nie regtig doelbewus hoef te gaan soek nie, die goed kom amper spontaan uhm... in die beradingsgeleentheid na vore en dan benut jy dit.



- P: Ja, my gevoel is ook wanneer ek 'n bietjie weer hierdie werk deurlees, ons kom so lang pad met die Bybel saam, van kindsbeen af, as kinders van die Here, as gelowige persone het ons daai goeters aan moedersknie geleer en al reeds op Sondagskool en waar nie oral nie. Daardie verhale glo ek, die wonderlike verhale van die Skrif is in ons lewens ingeweef. En ons begin net self, ons raak bewus van 'n ervaring in onself, hier is raakvlakke wat ek nie skep nie, maar wat bestaan.
- D: Ek stem met jou saam. Ek sou tog die vraag wou vra: Pieter, hou die woord pastorale berader, ons maak 'n bepaalde standpunt met pastorale berader. Voel jy dat dit is deel van berading om die evangelie te verkondig, of ek (wil) amper sê evangelisasie of sending te doen. Of is dit nie die doel van pastoraat nie?
- P: Ek verstaan die woord "pastor" aan die hand van, kom ek gee net een Ou-Testamentiese voorbeeld. Ps.23: "Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie." Kom ek gee die voorbeeld in Johannes: "Ek is die goeie herder, die Here Jesus." uhm... ek verstaan die woord "pastor" en die pastorale terapie vanuit daai begrip, uit die herderkunde, naamlik dat die leraar as 'n gesalfde of 'n geroepene van God uhm... een uit die kudde een van die skape is en dit is alles darem metafore van begelei, Woord in die hand, die Woord van die goeie herder, moet die herder, die pastor gebruik om 'n lidmaat te begelei, ook in terapie. Nou as dit gaan oor die ander kwessie wat jy opper, sending, evangelisasie. Ek gaan nie van die standpunt uit dat hy wat na my kom, die

soeker wat na my toe kom, die persoon in terapie noodwendig 'n probleem het met verlossing of onsekerheid het insake verlossing. Dit kan enige lewensprobleem wees en hy bring die lewensprobleem en sit dit op die tafel. As die lewensprobleem ook behels, ek het 'n onsekerheid oor my redding, dan dink ek dit is 'n geleentheid tot evangelie-verkondiging en blye boodskap bekend maak en sodoende die persoon begelei tot, waar staan ek met die goeie boodskap van Christus.

D: Pieter, as 'n persoon niks van die Skrif op die tafel sit nie, het jy vrede daarmee dat jy met hom 'n gesprek kan voer en dat jy hom kan begelei en dit daar laat of voel jy daar, dit moet iewers ter sprake kom?

P: Nee, ek voel nie dit moet nie, maar ek sou darem daaraan toevoeg dit is miskien paradoksaal in my gedagtes, ek voel nie dit moet, so daar kan 'n geleentheid ontstaan wat die Bybel glad nie ter sprake kom nie. Ek laat ruimte daarvoor. Maar nou kom die “maar” gedeelte - ek voel dit is absoluut kontekstueel, terapie is kontekstueel. En die konteks waarbinne ek terapie doen, is die vanuit die Skrif en van 'n goeie genadige God wat in Christus aktief dinamies betrokke is by daardie gebeure. So al sou die... die pastorant miskien glad nie die kwessie van die Skrif op die tafel (sit) nie, ek sal darem versigtig wees om terapie te doen sonder om hoegenaamd self na die Bybel tot te verwys.

D: As ons miskien kyk na die tweede groepering, storie of verhaal. Is dit 'n regte stelling om te sê dat in die verhale of in die groot Verhaal vind jy dikwels uitkoms om vir mense sin en rigting te gee?

P: Absoluut! Ek dink die Bybel se boodskap is vol van 'n goeie verhaal, 'n blye boodskap. Reeds in die Ou Testament, verlossing, uitkoms, nuwe land, nuwe vrugte, nuwe verhoudinge uhm... verbond, uitkoms is hier. Die uitkoms is hier. Die Bybel is vol van uitkomstes. En baie spesifiek so die Nuwe Testament, dit is een groot blye boodskap, blye boodskap, die uitkoms is hier.

D: Interessant by jou en by die ander gespreksgenoot het julle die duidelike onderskeid gemaak van die Bybelse Storie, die kliënt se storie en jou eie storie.

P: Ja.

D: Hoe... bring jy jou eie storie en jou eie verhaal in in jou proses?

P: Ek wil verwys na die... die persoon met die naam van Framo. Wat 'n wonderlike kunswerk op 'n stadium skep deur sy reflektoring op 'n onderhoud wat opgeneem word op band en dan reflekteer hy agterna hardop oor sy gedagtes wat in hom afspeel terwyl hy die vrae vra of die antwoorde aanhoor. So my eie storie is in my gedagtes skerp aanwesig, maar ek poog om in terapie nie my storie voorop te stel nie, dit gaan tog nie daaroor, oor my storie. Of selfs 'n instemming, ek was beskonke, ja ek ook, ek was al in 'n egskeiding

betrokke, ja ek kan my net voorstel hoe dit kan wees. Ek poog om nie my eie storie prominensie te gee.

D: In aansluiting daarby, jou storie en jou verhouding met die groter Verhaal met ander woorde iets van jou ervaring, jou belewenis en die pad wat jy met God loop, kom dit ter sprake?

P: Ek dink... ek dink so. In my antwoorde en my vraagstelling besef ek laat ek... ek is ook in terapie. Daar is twee persone in terapie, ek en die pastoraat, is gesamentlik in terapie, so my eie storie, ek probeer 'n oog daarvoor oophou dat dit speel 'n baie baie bepalende, 'n groot rol binne die pastorale gebeure. Maar deur dit wil ek net weer herhaal, ek spreek dit so ver moontlik nie hardop uit nie. Ek vertel nie my eie verhale en die pastoraat moet my verhale aanluister nie. Dit is binne-in my dit is in my, konteks, dit is in my kop, my gedagtes in my verhouding tot my Here. Dit is my verhaal wat ter sprake is of wat teenwoordig is. Maar die verhaal wat prominent staan, is die aangehoorde verhaal en die geverbaliseerde verhaal en dit is nie my verhaal nie, dit is die pastoraat se verhaal wat voorkeur geniet.

D: Pieter, 'n vraag wat ek ook vir die ander gespreksgenoot gevra het, is: In jou ervaring, kan die narratiewe model met vrug gebruik word en Christelik verantwoord word?

P: Absoluut! Ek... absoluut ek is 'n groot voorstaander van die narratiewe benadering. Hoekom? Beginnende eers op 'n subjektiewe noot, in my eie

lewe, ek verwoord my lewe, ek verwoord my gedagtes, my emosies, my geskiedenis, my verhoudinge met stories. Dit is storie op storie op storie. Letterlik wanneer ons saam eet, wanneer ons golf speel, wanneer ek in die kerk is, wanneer ek op die kansel is, is dit storie op storie op storie. So ek besef net ook wat ek by mense aanhoor op huisbesoek: hoe gaan dit? Dit is baie selde net: Goed dominee. Dit is sleg dominee, want my hond is vanmôre deur die kar raakgery. O! Vertel meer. Storie op storie op storie, my lewe is deurdrenk met stories. Die tweede dimensie wat ek moet voeg daaraan, ek sien toenemend in my lewe dat die Bybel, Genesis en die res storie op storie op storie is. Dit is net amper te veel om te beskryf, bladsy vir bladsy, is verhale op verhale. So die narratiewe benadering is om die stories ernstig te neem die stories kop toe te vat, miskien 'n bietjie plat-Afrikaans, maar om die stories te integreer en erns te maak met die lewensverhale en ons verhale in verband te bring met die Skrif se verhale en God se verhale met ons lewens. Dit is 'n baie, baie bruikbare metode van terapie en dink ek 'n metode van leef. Dit is vir my meer 'n leefwyse, as 'n metode of 'n tegniek.

D: As ek jou reg hoor – die stories van die groter Verhaal, kan sinvol gebruik word om verandering in ander mense se verhale te bring?

P: Absoluut! Duidelik... duidelik. Ongetwyfeld.

D: En as ek byvoeg – dit hoef nie geforseerd gedoen te word nie? Dit is iets wat spontaan en ook ongeforseerd op die tafel kom.

- P: Ja. Dit is my ervaring, verhale bied juis die ruimte om nie geforseer te word nie. Somtyds is onderhoude en miskien eksamenvraestelle of ander dinge in die lewe, het 'n mate van forsering in. Stories, vat maar die boesmangesin rondom die vuur, wat dans en vertel van die groot jag. Niemand dwing hulle met enige iets nie, hulle doen dit net. En terapie, goeie terapie lyk vir my ook so, dit gebeur net. Ons hoef nie te gaan sê goed: een, twee, drie ons gaan nou 'n storie gebruik nie. Hy is daar jy moet hom net uitsnuffel.
- D: Pieter as ons kan afsluit – weer die vraag: As jy kyk na dit wat ek uit jou gesprek gehaal het die eerste keer en hoe ek dit verwoord het onder die verskillende groeperings van Bybel, Verhaal, en terapie, is dit hoe jy dit verstaan en jy sê maar dit is die inhoud of betekenis waarmee ek kan (saam gaan)?
- P: Ja, Deon, definitief. Nee, dit is 'n duidelike goeie weergawe van ons gesprek en van die hoofemas wat aan die orde gekom het, is goed gesistematiseer. En dit gee 'n baie duidelike weergawe van waaroor ek en jy in ons vorige gesprek gepraat het.
- D: As daar nie iets anders is nie, ek het gevra wat ek wou, dankie dat jy saam met my gereflekteer het op die gesprek en ek sien uit na ons fokusgroepgesprek waar ons dan in bietjie 'n breër groep gaan praat oor hierdie selfde ding.
- P: Nee, baie dankie. Ek is opgewonde oor ons gesprek en sterkte met jou werk.

**Bylae D**

**Gesprek twee met Gert:**

**28 Julie 2004**

**11:00**

D: Gert, baie dankie vir 'n tweede geleentheid waar ons weer in gesprek kan tree. Ek wil graag saam met jou reflekteer op ons eerste gesprek waar ek ook vir jou die verbatim gesprek deurgegee het en 'n paar gedagtes of idees wat ek uit die gesprek afgelei het. Maar ek wil graag met jou daaroor kom gesels en ek sou graag wou wegtrek met die vraag: Hoe voel jy oor wat ek gedoen het met die vorige gesprek? Het ek reg laat geskied aan wat jy vir my wou sê of hoe het jy dit ervaar?

G: Ek wil wegspring en sê dit is nogal vir my 'n openbaring gewees om die verbatim gesprek te lees. Ek dink 'n mens, dink op 'n ander manier as jy objektief sien goeters wat jy sê, dit is wat jy dink, dit is wat miskien onderliggend aan dit is. Dit is vir my ook 'n goeie ervaring om my eie werkswyse, my eie veronderstellings op 'n manier geëksternaliseerd te sien. Dit is tog maar die bedoeling om daarna te kyk. Ek het ook besef dat die reflektering oor 'n mens se eie pastorale proses en die reflektering oor jou eie werk is werklik essensieel en ek dink dit is iets wat ons as, ek weet nie of dit net ons as pastorale terapeute is nie, maar of alle terapeute is nie, wat miskien nie genoeg dit doen om terug te staan en te reflekteer oor jou werk en sê hoekom doen ek dit. Hoekom sê ek dit so? Wat glo ek nou eintlik as ek dit sê? Ek het 'n ander belangrike ding ook besef en dit is daar is 'n groot leemte dink ek binne die pastorale veld. Die feit dat daar nie 'n gestruktureerde supervisie

is nie. Ek wil vir jou eerlik sê uhm... ek kan nie onthou wanneer laas ek van my werk met iemand bespreek het nie. So dit was nou, dit is nou sommer 'n algemene opmerking. Dit was vir my 'n baie goeie ervaring gewees om dit te lees. Om my eie gesprek te lees en ook weer te dink oor dit wat ek gesê het en hoekom ek dit gesê het en so aan. Ek dink jy het dit baie goed opgesom. Die kern van dit wat ek gesê het, ek voel heeltemal gemaklik, ek gaan nou nie terugverwys na die gesprek spesifiek nie. Maar ek voel heeltemal gemaklik met die feit uhm... dat jy die kern saamgevat het. Die belangrike goed wat vir my uhm...belangrik is dink ek het jy uitgelig in terme van die Woord, die gebruik van die Woord. Dit is nogal vir 'n mens vanuit die werk, vanuit 'n narratiewe benadering né, ek ervaar tog 'n bietjie van 'n uhm... spanning in die sin van hoe, die feit dat jy as narratiewe terapeut in die verhaal inkom en baie sensitief, baie versigtig daarvoor is om nie die verhaal te stuur in die rigting wat jy wil hê dit moet gaan nie. Maar 'n gespreksgenoot te wees, 'n "companion" te wees. Dit is tog mos die ander ou se reis, nie my reis nie, ons reis net saam. Hy moet mos in beheer wees waarheen ons gaan. Dit is nie altyd maklik om met integriteit dan die Woord of Godsverhaal ter sprake te bring nie. Vir al wanneer die kliënt of die persoon met wie jy praat nie dit ter sprake bring nie. En dit is iets waaroor ek dink, baie oor dink en dit is hoe werk dit, wat is uiteindelik my uitgangspunt. Is dit uiteindelik dat die gesprek volledig bepaal word deur my gespreksgenoot? Dit wil sê, as my gespreksgenoot nie God se Verhaal ter sprake bring, dan gaan ek, kan ek, mag ek nie God se Verhaal ter sprake bring nie. Dit is nie my standpunt nie, my standpunt is dat ek is 'n medereisgenoot en dit wil sê ek kan tog nie as medereisgenoot my eie reis vergeet en eenkant toe skuif nie. So ek is voortdurend op soek na maniere om met



deursigtigheid en integriteit God se verhaal in die gesprek ter sprake te bring. In die eerste plek wanneer die persoon nie dit doen nie, maar in die tweede plek dan om dit op 'n punt ter sprake te bring waar ek miskien voel maar ek sal dit graag wil doen. Miskien het die persoon dit nie ingebring nie, maar ek kom op 'n punt in die gesprek wat ek voel maar dit is 'n punt waarop ek graag, sê maar wat van God se verhaal of wat van dit? En ek dink dit het jy uhm... goed saamgevat vir my. In die samevatting hier oor die Woord en oor die Skrif, ek dink die feit dat dit nie neutraal is nie, dit het vir my bevestig toe ek dit lees, ek kan nie neutraal wees nie. Ek dink nie daar bestaan 'n posisie van neutraal nie, dit is 'n illusie. Die ouens wat sê hulle is neutraal, dink ek verstaan nie mooi wat dit beteken nie. Dan in terme van my eie storie uhm... oor die Bybelse Verhaal, ek dink ek het iets daarvoor gesê. Dit was vir my lekker om te sien hoe jy die goed geformuleer het, kyk hierdie een wat sê: “Bybelse Verhale dra by tot 'n unieke uitkoms in 'n spesifieke verhaal.” Ek wil soos 'n goeie apostool daarop “amen” sê. Dit stem ek mee saam, want dit is vir my goed om dit so te sien, want ek dink miskien het ek dit nog nooit so mooi vir myself geformuleer nie. Die verhaal van die persoon dink ek, het jy mooi saamgevat. Van binnekant af dit te verstaan, maar ook om die reflekeringsproses te help. Dit is vir my wesentlik, dit is 'n gesamentlike poging om sin te vind. So ja, ek soek saam met die persoon vir betekenis. Dit is wesentlik dat dit die persoon se betekenis moet wees. En dat ek nog steeds versigtig moet wees om nie my eie betekenis in die ding in te bring nie. Maar dit is 'n definitiewe doelwit om soveel betekenis en ook om te soek na unieke uitkomst. En dit nie maar net te los dat dit, jy weet via 'n natuurlike proses na vore kom nie. Uhm... en dan my eie verhaal, om... om met integriteit my vertrekpunt in die verhaal in te bring, dink

ek het jy goed saamgevat. Uhm... en dan oor pastoraat en terapie, ja ek stem saam my pastoraat is Woord gebaseer, en die feit dat dit as 'n bediening gesien (word). Woord gebaseer, ek dink ek het dit genoem, maar Woord gebaseer in die sin van, Woordbeginsels, dit het jy hier in die eertse plek. Dit is waaroor dit vir my gaan, dit gaan nie daaroor om te sê die Bybel sê so en die Bybel sê so nie. Dit gaan wel oor Woordbeginsels in die Skrif. Ja, so ek is baie gemaklik met die manier waarop jy die goed saamgevat het. Op hierdie stadium is daar niks anders wat ek sou wou byvoeg nie. Kan ek miskien net sê ek...ek weet nie of ons dit nie daaroor gepraat het nie. Uhm... maar die een ding waaroor ek na die tyd gedink het, is ons het nou baie gepraat oor Woordbeginsels. Oor die Skrif en die Bybel, maar die rol van gebed het nie ter sprake gekom nie.

D: Ek sou graag wou hoor wat jy daarvoor dink? Ek het nogal 'n aanhaling gemaak in my hoofstuk twee, waar iemand sê maar jy moenie Woord en gebed ligtelik soos 'n towerstaffie wil gebruik nie. En dit is nogal waar. Daar sit sekere 'n diepte-dimensie in gebed en ek sal graag wil hoor wat dink jy daarvoor?

G: Vir my, moet ek sê vanuit my bediening is gebed 'n belangrike, 'n wesentlike deel van my om... ek dink gebed funksioneer vir my in... in pastorale terapie as dieselfde manier as die Woord funksioneer. As ek praat oor gebed bedoel ek nie, umh... ek bedoel nie dat ek noodwendig in elke gesprek 'n gebed doen nie, of dat ek nou sê, goed kom sit ons bid eers saam voordat ons begin of aan die einde bid nie, dit is glad nie hoe ek die rol van gebed sien nie. Daniël Louw sê in een van sy werke wat hy geskryf het oor sieke-pastoraat, sê hy die Woord

bepaal wesentlik die inhoud van die gesprek en gebed bepaal die atmosfeer, die konteks waarbinne die gesprek plaasvind. So vir my, kan ek sê ek... ek doen my werk met 'n gebedshouding in die sin van ek bid oor my werk in die eerste plek. Dit is vir my belangrik om in my pad met mense, my terapie met mense, self met die Here tyd in gebed te spandeer. En te wag op leiding of wysheid. En ek is baie keer in gesprekke waar ek nie weet waarheen, waar gaan ons nou? So om my... my gespreksgenote in gebed aan die Here op te dra, is vir my belangrik. Om met 'n gebedshouding in die gesprek in te gaan bedoelende dat ek sensitief is vir die leiding van die Heilige Gees. Die inspraak van die Gees vertrou, dat ek baie keer in 'n gesprek 'n skietgebed sal op sê: "Here nou moet u asseblief (vir) my wysheid gee en my sensitiwiteit gee." En ja dit gebeur een of twee keer, nie as 'n reël nie, maar dit gebeur dat... dat mense wat na my toe kom vir my vra om vir hom te bid. Uhm... ek is egter ook nie enigsins skaam of terughoudend om te vra of ek vir mense kan bid nie. So, ek sal dikwels aan die einde van 'n gesprek sê, my gesprekke is gewoonlik aan die einde, sluit af met 'n tipe van 'n samevatting van dit wat gebeur het in die gesprek. Sê, kom ons praat 'n bietjie oor, waarom het ons gepraat vandag, wat ek gehoor het is, ek vat in 'n paar sinne saam wat ek gehoor het. Maak seker stem die persoon saam. Dink saam met die persoon oor die implikasies daarvan en as God se Verhaal in die gesprek ter sprake gekom het dan is dit gepas om af te sluit en te sê: "Kan ons saam bid" oor ons gesprek en oor vorentoe. Uhm... as daar so iets is soos 'n algemene terapeutiese gesprek dan voel ek geen dwang aan die einde van die gesprek om te sê: "Here dit is 'n pastorale gesprek, so ons moet nou bid." Maar dit is wesentlike deel van my... my werk.

D: Gert, baie dankie. As jy nie omgee nie sou ek net so een of twee vrae wou vra wat ek in ons gesprek gehoor het en weer... jou gedagtes wou toets? Ek hou van wat ek gehoor jy sê: “Ek is ’n mede-reisgenoot en ek is saam met jou op soek na sin.” En voel jy dit is reg as ek die uitdrukking maak dat op daardie manier kan ek ongeforsced hierdie verhaal van God inbring en sê: “Nee, hier is dalk ’n ander verhaal wat joune kan verhelder.” Kan dit so werk?

G: Dit werk so! Uhm... nou... God se Verhaal kom op baie verskillende maniere ter sprake. Ons het nou baie spesifiek gefokus op die rol van die Woord, spesifiek. Uhm... maar daar is tog mos baie ander geestelike waarhede, wyskede wat op baie ander verskillende plekke ter sprake kom. So ek sou dit wou sien dat jy iemand sou aanbeveel om ’n bepaalde boek te gaan lees. Dit hoef nie eers noodwendig ’n geestelike boek te wees nie. Ek sal partykeer verwys na sê maar ’n flik wat ek gesien het. ’n Storie wat ek gelees het, wat iets van... van die dieper betekenis na vore bring. ’n Goeie voorbeeld... een wat die afgelope tyd in die nuus was is “Die Alkemie” van wat is dit Paul... ek kan nie die van onthou nie, ’n baie mooi, ’n fabel oor betekenis, oor betekenis van die lewe! En uhm... as ek voel dit is toepaslik sal ek vir iemand sê: “dit... jou verhaal herinner my aan daai verhaal.” Wil jy nie daai boek vir jou kry en hom lees nie en dan praat ons ’n bietjie oor watter sin vind jy daarin. Of miskien ’n geestelike boek wat van betekenis kan wees sal ek mense aanbeveel. So Woordbeginsel en die Woord is baie wyer as net die Bybel en teksgedeeltes.

D: Gert, ’n ander een wat ek graag met jou wil toets. Dit is nou meer na ons teologiese kant toe. Is deel van pastoraat ’n geleentheid waar ek - woorde nou

versigtig kies- maar is pastoraat 'n geleentheid waar ek die evangelie verkondig, waar ek sending doen.? Hoe sou jy daarop reageer?

G: (Stilte.)... Dit is 'n moeilike vraag om op te reageer. Uhm... kom ek antwoord dit eers miskien deur neutraal te bly, soos ons bediening hier in die hospitaal. Byvoorbeeld die vrywilliges word hier opgelei met die verstandhouding dat ons bediening hier in die hospitaal nie byvoorbeeld evangelisasie of 'n evangeliese bediening is nie. Dit is 'n ondersteuningsbediening. Dit beteken die doelwit om uit te gaan is nie om in die eerste plek die evangelie te verkondig nie, maar om - dit is om teenwoordig te wees. Maar daar kom tog sekerlik geleenthede waar 'n mens die evangelie gaan verkondig. Ek het geen probleem daarmee om dit te doen nie. Uhm... ek probeer nou dink aan 'n voorbeeld. Ja, 'n baie interessante voorbeeld, so agtien maande gelede bevind ek my op die dak van die hospitaal saam met 'n pasiënt wat uhm... op geloop het tot waar hy kon, 'n venster gebreek het, op die balkon geklim het en op 'n lysie gestaan het. Op die punt om selfmoord te pleeg. So hulle het almal geroep van die "CEO" tot die polisie en niemand kon iets regkry nie en ek dink uit desperaatheid het hulle op die ou einde die dominee geroep om met die ou te praat! Nou ek het toe, ons het seker 'n twee uur gesprek gehad. Eers 'n uur om hom net weer op die balkon te kry en toe nog 'n uur om hom binne te kry. Uhm... die uiteinde van daai gesprek was 'n gebed van oorgawe gewees. So as die geleentheid daar is dan dink ek moet jy die geleentheid gebruik. Vir daai persoon was dit 'n absolute krisis op daardie punt van sy lewe gewees. Ek kon nie 'n manier sien om verder aan te gaan as om op geestelike vlak soos hy dit verstaan het sy saak met die Here reg te maak. Dit was half vir hom die beginpunt gewees om

weer die skerwe van sy lewe op te tel. Goed, daarna moes ek hom weer verwys na 'n psigiatriese inrigting en ons het gereël dat hy opgeneem word. Ek het seker gemaak, uitgevind waar hy is, waar hy bly, wat sy omgewing is. Seker gemaak dat iemand hom in die kliniek gaan opsoek. Seker gemaak dat daar opvolg is, dat hy by 'n gemeente kan inskakel, ek kon dit nie self doen nie. So wanneer daar 'n geleentheid is om die evangelie te bring dan dink ek 'n mens moet die geleentheid gebruik. Maar dit is 'n deur wat die persoon vir jou moet oopmaak, dit is nie 'n deur wat jy moet oopskop. En die proses daarna, die proses daarna is vir my amper belangriker as dit wat daar in die gesprek gebeur het.

D: Ek sou graag dit so wou uitdruk en hoor hoe jy voel. Ek begin hoor dat ons dit nie hoef te forseer nie, uit ervaring en praktyk, dit kom op 'n ongeforceerde manier, kry jy die geleentheid in die gesprek?

G: Ja, jy is heeltemal reg. Ek dink ons is as pastorale terapeute, is partykeer oorversigtig wat dit aanbetref. Weet ons is tog so bang vir dwang op een of ander manier dat ons die persoon manipuleer of dwing of verkeerde idees gee van weet, “Jesus is the answer” tipe van. Ek dink ons is so bang dat ons daai kant, dat die pendulum heeltemal na die anderkant toe swaai. Waar ons partykeer te bang is om sulke antwoorde in die gesprek ter sprake te bring. Vir my is die kern van die ding dat dit met sensitiwiteit en deursigtigheid, met integriteit ter sprake gebring moet word. Daar moet altyd op 'n manier jou gespreksgenoot

die keuse gegee word. Ja, ek wil graag hierso oor praat, of nee ek wil nie daarvoor praat nie.

D: Gert, met ander woorde as ek 'n beeld kan probeer gebruik, in jou hele berading en bediening is my Christenwees, my besig wees met die Woord van God, hierdie oorkoepelende atmosfeer waarbinne ek werk?

G: Dit is baie waar, dit is beslis hoe ek dit beleef.

D: Gert, miskien net, ek het onthou ek wil graag 'n vraag gevra het hier rondom. Jy praat van ek sien my berading as 'n bediening, net om seker te maak dit nou nie konflikterend is met wat ons net nou gevra het nie. Maar 'n bediening, (is dit) ook om iets van God se Woord in hierdie wêreld sigbaar te maak en uit te dra?

G: Ek dink so ja. Dit is waar, dit is vir my belangrik. Uhm... en dit is gebaseer op my eie belewenis en ek kan nie bestaan en sin vind los van my verhouding met die Here en los van die Woord nie. So as ek sê dit is 'n bediening, dan sien ek dit in die totaliteit, in die sin van nie net omdat dit pastorale berading of bediening is nie, dit is ek kan vir jou aan baie dokters in die hospitaal voorstel wie se mediese praktisynerwerk ook 'n bediening is. So, ek sien dit in daai opsig as 'n bediening. Ek sien dit as die Here my bepaalde gawes gegee het, my 'n bepaalde aanslag gegee het, dat dit 'n bepaalde roeping op my lewe is om bepaalde dinge te doen. Dit is vir my 'n bediening. Dus, waar van die maatskaplike werker, dit is waar van die fisioterapeut, dit is waar van die

mediese dokter, ek praat vanuit die omgewing waarvan ek kom, wat ek nou ken. Hulle is almal mense die van hulle wat, dan weet dat... dat geloof sin gee aan hulle lewens. Hulle is almal mense wat dit vir jou sal sê.

D: 'n Laaste vraag om mee af te sluit. Ek wil dit graag aan altwee my medenavorsers die vraag vra: As 'n persoon in... in jou pastorale gesprek nie daarby uitkom om die groter Verhaal van God in te bring nie, het jy groot vrede daarmee en is dit nie vir jou 'n moeilike ding om dan met die persoon tot 'n punt te kom en af te sluit sonder dat ons regtig moes gesels het oor die Woord van God? Met ander woorde jy bly by sy verhaal en berus daarby?

G: Sekerlik so! En hier in die hospitaal gebeur dit baie uhm... miskien meer so as in ander praktyke. Goed in my praktyk by die huis het ek nou meer langtermyn mense. In die hospitaal is dit baie keer jy weet eenmalige gesprekke. Baie keer eenmalige geleenthede, en baie kere is daar niks geestelik aan die gesprekke soos ons dit verstaan.

D: Dit is net ondersteuning.

G: Dit is ondersteuning, dit is luister uhm... dit is teenwoordig wees, dit is daar wees. Dit is saam soek na perspektief, dit is die oplossing van 'n praktiese probleem, ek word ontslaan, waarheen moet ek gaan. En ek... ek is regtig heeltemal gemaklik daaroor. Ons dink hier nogal baie oor die betekenis van toevallige - ek sit dit in aanhalingstekens – toevallige, eenmalige ontmoetings. En hoe ek daaroor dink, is dat lewensreise op baie verskillende maniere met



mekaar kruis en daai kruis van jou verhaal met iemand anders se verhaal het baie keer 'n belangrike invloed, in die rigting waarheen daardie persoon se verhaal ontwikkel. En dit het baie keer baie min te doen met of dit nou spesifiek 'n geestelike ontmoeting is.

D: Die vrug daarvan sien jy nie dalk eers nie.

G: Jy sal dit nooit, miskien nooit sien nie. Terselfdertyd sien ons hier baie keer mense wat tot op 'n bepaalde punt gekom het in hulle lewe, en ons is bevoorreg om op daai bepaalde kritiese oomblik van die persoon se verhaal teenwoordig te kan wees. En dan saam met die persoon te ontdek hoe die pad geloop het tot op die punt te kom, te bring. So, is daar baie ontmoetings wat uit en uit geestelike ontmoetings is. Wat vir my, ek dink nie oor een anders as oor die ander een nie. Ek dink nie oor die geestelike ontmoeting – aanhalingstekens - anders as oor die doodgewone persoonlike ontmoeting nie. Hulle is almal vir my deel van God se werke in mense se lewens.

D: Gert, 'n vraag om mee af te sluit. Is die narratiewe model 'n bruikbare model en voel jy dit is Christelik verantwoordbaar?

G: Dit is 'n baie bruikbare model. Dit is persoonlik vir my baie bruikbaar, ek vind dit ook binne ons breër bediening hier, omdat ek baie met vrywillige werkers se opleiding werk, 'n baie handige model. Mense verstaan, hulle verstaan die konsep van stories. En die vrywilligers verstaan, hulle voel as hulle kom en hulle word opgelei en hulle sê: “O wat moet ons doen?” Ons moet net na 'n ou

se storie luister, “Okay dit kan ons doen, dit kan ons doen.” Maar die oomblik as jy begin vir hulle sê: “Jy moet so maak en jy moet so reflekteer, en dit is die empatie, en dit is dit en dit is hierdie tegniek en dit is daai tegniek” - dan val hulle terug op hulle ou manier van (doen). Is dit Christelik verantwoordbaar? Uhm... ek sal dit so antwoord vir my is die... is die filosofie van die narratiewe benadering in lyn met geestelike beginsels. Ek is nie vreeslik, ek sal nie dit kwalifiseer as Christelik, of Christelik verantwoordbaar nie. Ek dink dit is gebou op gesonde beginsels, van respek, van luister, van integriteit en wat my aanbetref is dit geestelike beginsels. En in daai opsig, ja maar ek sou nie die kwalifikasie gebruik van Christelik verantwoordbaar nie.

D: Baie dankie. Ek weet nie of daar nog enige iets is wat jy wil deel of wil sê nie. Gert en weereens baie dankie vir jou tyd en dat ek en jy kon saam reflekteer op die gesprek.

G: Plesier.